

God is die fokus van die nuwe Jerusalem (OP29)

Openbaring 21:23-24, 22:1-2

17 Februarie 2021

Ons gaan vandag voort met ons bestudering van die nuwe Jerusalem. Sover het ons gesien die stad is die bruid, en dus die gelowiges. Ons het gesien die stad het die heerlijkheid van God. God self is die muur om die stad, en Jesus die twaalf ingange in die muur. Die fundamente van die muur is God se openbaring aan die profete en die apostels. Laasweek het ons gesien dat die Here God en die Lam die tempel van die nuwe Jerusalem is – 'n tema wat sedert Genesis 2 aan die opbou was tot dit hierdie hoogtepunt bereik hier in Op 21.

Vandag wil ek die bestudering van die stad voort sit. Ek wil na nog drie aspekte van hierdie stad kyk: die lig van die stad, die water van die stad en die kos van die stad. Ons verstaan tog almal dat hierdie noodsaaklike elemente is om lewe in 'n stad moontlik te maak. In Suid Afrika het beurtkrag ons goed bewus gemaak van hoe afhanklik ons van elektrisiteit is, onder andere ook om lig te verskaf. Gebrek aan water tref nie net die landbougemeenskap nie, maar ook inwoners van stede. Hulle het ook water nodig om te drink. En natuurlik is daar kos nodig om te kan eet om aan die lewe te bly. Ja, goed, ons het gesien dat die nuwe Jerusalem nie 'n fisiese stad is nie, maar wat is dan die ekwivalent van hierdie tipiese fisiese behoeftes van die gelowiges wat deel is van hierdie stad?

Lig vir die nuwe Jerusalem

Op 21:23 maak dit duidelik dat die nuwe Jerusalem nie die son en die maan nodig het om hom te verlig nie. Die rede daarvoor is omdat die heerlijkheid van God die stad verlig, en ook die Lam wat as lamp vir die stad dien. Die gevolg is dat die nasies wat deel uitmaak van hierdie stad in Sy lig lewe (vers 24). Vers 25 voeg nog iets merkwaardigs by: die poorte van die stad word gedurende die hele dag nie gesluit nie. Dit is 'n ietwat vreemde opmerking, want dit is algemeen dat stede se poorte nie in die dag toegemaak word nie. Maar die rede vir die merkwaardige stelling is dat daar net eenvoudig nie meer nag is nie. Op 22:5 bevestig die inhoud van hierdie verse.

Let op, hier word nie gesê dat daar nie 'n son en maan in die nuwe skepping gaan wees nie. Hier word net gesê hulle is nie meer nodig om die lig te verskaf nie. Wat wel afwesig gaan wees, is nag, en natuurlik gaan nag saam met donker. Nag en donker is afwesig, terwyl dit die heerlijkheid van God en die Lam is wat die stad verlig. En dit is in hierdie lig wat die nasies lewe.

Weereens is hierdie 'n tema wat oor 'n lang periode opgebou het. Hierdie keer moet ons terug gaan na Gen 1:1-2. Ek is oortuig Gen 1:1-2 speel af voor die begin van die skeppingsweek – die basiese motivering hiervoor is dat vers 2 die aarde beskryf as woest, leeg en donker (OAV). Verse 1-2 kan nie 'n opsomming van die skeppingsweek wees nie, want aan die einde van die skeppingsweek was die aarde nie woest, leeg en donker nie – trouens die gebeure van die skeppingsweek vertrek vanaf 'n aarde wat woest, leeg en donker is, en spreek juis die woestheid, leegheid en donker van die skepping aan. Ek gaan nie nou verder hieroor uitbrei nie.

Die belangrike punt vir ons bestudering vandag is die volgende: In die begin het God die hemel en die aarde gemaak. Nadat God dit gemaak het, was daar duisternis op die aarde. Net donker. Op dag 1 (vers 3-4) skep God lig, en bring Hy skeiding tussen lig en donker. God verklaar die lig as goed. Boonop verklaar God die lig as dag, en die donker as nag. Op dag 4 ontwikkel die dinge verder (Gen 1:14-19): God skep die son en die maan en die sterre. God het twee doelwitte met die son en maan: (1) Hulle moet dag en nag van mekaar skei, hulle moet dae, seisoene en jare aandui, m.a.w. hulle is tydhouers. (2) Hulle moet lig gee – die son bedags en die maan snags. Dit is veral hierdie tweede

doelwit wat ons na wil kyk. Opsommend: Voor die skeppingsweek, net duisternis. Na dag 1 is daar lig en donker (dag en nag). Na dag 4 is daar ook ligte, die son en maan, en die gevolg is selfs die donker nag is nie meer pikdonker nie.

Deur die loop van die Ou Testament is daar verskeie gebeure wat aandui dat die lig goed is en die donker sleg. Die negende plaag bring duisternis oor die Egiptenare (teen wie God was), maar die Israeliete het lig gehad (vir wie God was) (Eks 10:21-27). In Eks 13:21-22 lees ons dat God bedags in 'n wolkkolom voor die volk uitgetrek het, en snags in 'n vuurkolom – juis om aan hulle lig te gee. In Eks 27:20 lees ons van die lampe in die tabernakel wat voortdurend moes brand. Verskeie Psalms fokus daarop dat dit God is wat die duisternis verdryf: Ps 27:1 – Die Here is my lig en my Redder, vir wie sou ek bang wees? Ps 43:3 – Stuur U lig en U waarheid dat die my lei en my bring na U heilige berg, na U woning. Duidelik wys die Ou Testament dat God die Een is wat die duisternis verdryf, en daardeur gee Hy leiding aan Sy kinders. Dit bereik 'n hoogtepunt in Jes 60:1-4, 19-20 as Jesaja vooruit kyk – duidelik gryp Op 21 terug hierna! Let op die effek wat dit op die gelowiges sal hê in vers 5: Hulle sal dit sien en van vreugde straal, hulle sal bewe van blydschap!

In die Nuwe Testament word dit nog duideliker dat God die Een is wat die duisternis verdryf: In Joh 8:12 sê Jesus Hy is die Lig vir die wêreld. Wie Hom volg sal nie in duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee. En 1 Tim 6:16 sê God woon in ontoeganklike lig. Lees nou 2 Kor 4:6 – Paulus redeneer dat netsoos God die lig geskape het tydens die skeppingsweek, so skep Hy lig in die harte van gelowiges. Wat is hierdie lig? Dit is kennis van die heerlijkheid van God, soos wat Jesus dit uitstraal. God verdryf die duisternis uit die harte van gelowiges, deurdat Hy hulle Sy heerlijkheid laat sien/ken juis deur dit wat Christus doen – natuurlik juis in die lewe van die gelowiges. Wat is die gevolg hiervan? Kol 1:12-13 sê: Gelowiges het 'n erfenis, en daardie erfenis wag vir hulle in die ryk van die lig. Natuurlik is die nuwe Jerusalem die volle realisering van daardie koninkryk van die lig.

Verstaan jy hoekom die nuwe Jerusalem nie die son en maan nodig het nie? Netsoos God aan die begin die duisternis verdryf het deurdat Hy lig geskep het op dag 1, en toe op dag 4 die son en maan wat fisiese donker verdryf, so is God ook besig om geestelike donker te verdryf vir die gelowiges. Hoekom juis vir gelowiges? Want, Israel het lig gehad tydens die negende plaag, Hy het voor hulle uitgetrek in die wolk en vuurkolom. God kan dit doen, want Hy is lig. God woon in ontoeganklike lig, en Jesus is die Lig vir die wêreld. God laat hierdie lig almeer in gelowiges se harte skyn deurdat Hy hulle Sy heerlijkheid laat sien – veral deur dit wat Jesus kom doen het. En dit bereik 'n hoogtepunt met die koms van die nuwe Jerusalem. As gelowiges dan God se heerlijkheid ten volle sien, en ook belewe watter heerlike werk dit in hulle tot stand gebring het – wel dit is wat hulle opgewonde gaan maak. Dit is in die lig van hierdie heerlijkheid dat hulle gaan lewe. Dit gaan bepaal wat dit is wat hulle voortaan gaan doen in die koninkryk van die lig. Ek beplan om volgende week stil te staan by wat dit is wat hulle daar gaan doen.

Die water van die lewe

Op 22:1 leer ons dat die engel, onthou dit is een van die engele met die sewe bakke, vir Johannes die rivier met die water van die lewe gewys het. Hierdie rivier het kristalhelder water en dit vloei vanuit die troon van God en die Lam. Let op, weereens die troon van God en die Lam – soos met die tempel (vers 22) en met die lig (vers 23). Onthou dat ons in vers 6 ook al gelees het van die water van die lewe – daar was dit God wat aan die woord was, en Hy het belowe dat Hy aan elkeen wat dors het, te drinke sal gee uit die fontein met die water van die lewe.

Weereens moet ons terugkeer na Genesis om die draad te gaan op tel. Hierdie keer Gen 2:10-14. Hier lees ons natuurlik van die tuin, waarin Adam en Eva gewoon het. Onthou ook, dat ons gesê het

die tuin was ook die eerste tempel/tabernakel waar God Adam en Eva besoek het. Ons lees hier van 'n rivier wat In Eden ontspring het, en die doel van die rivier was om die tuin nat te maak. Daarna het die rivier verdeel en vier riviere geword. Hierdie riviere het ver gestrek – ons lees van drie streke – Gawila, Kus en Assirië. Die rivier het dus eers die tuin, oftewel tabernakel benat, en dan van daar af verder gevloei na ander streke toe. Die feit dat die rivier die tuin benat, onderstreep tog dat dit lewe moontlik maak. Let op, die rivier vloei vanuit die tuin.

Die res van die Ou Testament onderstreep herhaalde male die lewens-noodsaaklikheid van water. Met die eerste plaag in Eks 7:14-25 verander die water in bloed, en ons lees hoe die Egiptenare langs die Nyl begin grawe om water te kry. In Eks 17 lees ons hoedat God vir die Israeliete water uit die rots gee tydens hulle tog deur die woestyn. Let op, dit is God wat vir Sy volk die water gee.

Die Psalms onderstreep dieselfde. Psalm 1 beskryf die mens wat God se woord volg as 'n boom wat geplant is by waterstrome. Ps 42:2 beskryf die digter dat soos 'n wildsbok na water smag, so smag hy na God.

Lees Eseg 47:1-10. Onthou, hierdie is deel van daardie hoofstukke in Esegël waar hy vooruit kyk na die komende nuwe stad en heiligdom. En dan sien hy dat vanuit die tempel daar 'n stroom water vloei. Hoe verder dit vloei hoe dieper word die stroom, tot dit eventueel in die Dooie See inloop. En sover as wat die stroom loop bring dit lewe – selfs die Dooie See se water word vars en daar kom oorvloedige lewe. Sien jy die ooreenkoms met Gen 2? En met Op 22? Telkens vloei die stroom vanuit God se woonplek en bring lewe sover as wat dit gaan.

In Joh 4 is Jesus in gesprek met die Samaritaanse vrou by die put van Jakob by Sigar. Hy vra die vrou vir water. Sy is verras dat Hy as Jood vir haar vir water vra. En dan sê Jesus vir haar, as sy verstaan het wie Hy was, sou sy kon vra en Hy sou vir haar lewende water kon gee (vers 10). Jesus verduidelik aan haar dat die eienskap van die lewende water is dat as iemand daarvan gedrink het, dan kry so 'n persoon nooit weer dors nie – nee die water word in hom 'n fontein wat opborrel en gee hom die ewige lewe (vers 14).

In Op 21 vloei die lewende water ook van God af – dit vloei van die troon van God en die Lam af. Die punt is dat hierdie water lewe gee – en nie net fisiese lewe nie, nee ewige lewe – soos wat Jesus aan die Samaritaanse vrou verduidelik het. Soos wat God die volk fisies aan die lewe gehou het met die water wat Hy hulle in die woestyn gegee het, so gee Hy hier die lewende water – wat ewige lewe in stand hou. Dit skep dus nie net lewe nie – dit hou dit ook vir ewig in stand.

Die boom van die lewe

Op 22:2 gaan verder en verduidelik dat hierdie rivier in die middel van die hoofstraat afvloei, en dat die boom van die lewe aan weerskante van die rivier staan – wat sekerlik moet dui op meer as een boom. Miskien moet ons selfs dink aan 'n boord van bome van die lewe. Die feit dat die bome weerskante van die rivier staan, moet daarop dui dat hierdie bome kry hulle groeikrag van hierdie rivier met die water van die lewe. Nog 'n teken van oorvloedigheid is dat hierdie boom/bome twaalf keer per jaar hulle vrugte dra – elke maand dra hulle maar weer. Hierdie vrugte is nie daar net mooi om na te kyk nie – nee, hulle mag geëet word. En wie is dit wat hulle mag eet – dit is die nasies. Watter nasies? Siende dat dit baie duidelik is uit vers 27 dat slegs diegene wie se name in die boek van die lewe staan, hier mag inkom, moet ons die gevolgtrekking maak dat die nasies hier verwys na die gelowiges uit al die volke, stamme, tale en nasies. En wanneer hulle eet, het dit nie net voedingswaarde nie – nee, dit bring selfs genesing.

Die eerste plek in die Bybel waar ons van die boek van die lewe lees, is natuurlik in Gen 2:9. Daar lees ons dat God in die tuin 'n verskeidenheid bome laat uitspruit het. Daar was baie bome mooi om na te kyk en lekker om van te eet. Duidelik het God ruim voorsien in Adam en Eva se fisiese behoeftes. Maar daar was twee spesiale bome. Een daarvan was die boom van die lewe – hy het in die middel van die tuin gestaan, wat sekerlik 'n aanduiding moet wees dat hy dié fokus moes wees. Hiervan mog hulle eet. Die effek as hulle hiervan sou eet, is dat hulle ewig sal lewe (Gen 3:22) – herinner aan Jesus wat leer dat die water van die lewe ewige lewe gee. Die ander spesiale boom is die boom van kennis van goed en kwaad – as hulle daarvan sou eet, sou hulle sterwe – fisies, maar ook ewig. Na die sondeval word Adam en Eva uit die tuin gedryf, juis om te verhoed dat hulle toegang tot die boom van die lewe sou hê. Nee, daar is versoening wat bewerk moet word voor hulle weer van daardie boom mag eet.

Deur die loop van die Ou Testament maak God dit duidelik dat Hy toegang tot die boom van die lewe sal gee – op verskeie maniere. In die tabernakel in die Heilige staan die tafel met die toonbrode (Eks 25:29). Die priesters mog hierdie brood eet. Onthou, die gelowiges is priesters – hulle mag dus ook eet van hierdie brood. As die volk deur die woestyn trek en kos nodig het, is dit God wat self aan hulle manna uit die hemel voorsien wat hulle mag eet en aan die lewe bly (Num 11).

Die aangrypendste is sekerlik as ons teruggaan na Eseg 47:12. Nie net het daardie stroom water wat uit die tempel vloei lewegewende effek sodat die water wemel van allerlei tipes vis nie, nee, aan weerskante op die wal van daardie stroom staan daar vrugtebome. En hierdie vrugtebome dra hulle vrugte elke maand. Die rede hoekom hulle maandeliks vrugte dra, is omrede hulle op die wal van die stroom met die water van die lewe staan wat uit die heiligdom vloei. En hierdie vrugte mag geëet word, en boonop gee dit genesing vir wie ookal dit eet. Ek hoop jy hoor duidelik die ooreenkoms tussen wat Esegïël sien, en wat Johannes in Op 22 sien.

In Joh 6 vermeerder Jesus brood en voed 'n skare. Dit fassineer die mense, en hulle agtervolg Hom. Jesus kyk egter deur hulle en sê hulle volg Hom net omdat hulle van daardie fisiese brood geëet het, en nog meer daarvan wil hê. Hulle verwys na die manna wat hulle voorouers in die woestyn geëet het, maar Jesus sê hulle moet eerder soek na die ware brood wat God uit die hemel gee. En in Joh 6:35 sê Jesus dan: “Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie”

In Op 22 word oorfloedigheid beklemtoon. Daar is bome van die lewe weerskante van die rivier met die water van die lewe. Hulle dra hulle vrugte elke maand. Duidelik moet ons raaksien dat daar ruim toegang tot die boom van die lewe sal wees – selfs meer as wat daar destyds voor die sondeval in die tuin was. Gelowiges kan dan hiervan eet en eet – soveel as hulle wil.

Integrasie

Kom ons probeer sin maak uit dit alles. Ons kyk eers na die water van die lewe en die boom van die lewe. Reg van die begin af is God besorgd oor die mens se fisiese behoeftes – wat hulle eet en drink. Hy voorsien in hierdie behoeftes in die tuin, en ook deur die loop van die Ou Testament – al moet God wonders doen soos water uit die rots of manna uit die hemel om aan hierdie behoeftes te voorsien. Maar dit is ook van Genesis af al duidelik daar is meer in die betekenis van die bome as net om fisiese kos te voorsien – nee, daar was een boom in die tuin wat nie net lewe gee nie – hy gee ewige lewe. Dit is juis deur daardie krisis tydens die woestyntog dat God vir die volk leer: Ja, Ek weet julle het kos en water nodig – maar leer tog dat dit Ek is wat aan hierdie fisiese behoeftes voorsien. Duidelik is God besig om te midde van hulle fisiese behoeftes hulle fokus juis te skuif – na Hom toe. Hulle het groter nood as net water en kos – en God wil hulle leer Hy is die Een wat in hulle

fisiese en hierdie groter nood wil voorsien. Dit word nog duideliker in die Nuwe Testament. Jesus voorsien fisiese brood aan die mense en hy praat met die Samaritaanse vrou oor fisiese water – maar dan gebruik Hy dit om hulle te leer Hy is die water en die brood van die lewe. Dit is deur Hom dat daar meer is as fisiese lewe – daar is ewige lewe. En as jy aanbeweeg na die nuwe Jerusalem, dan leer Op 22 ons daar gaan oorfloed wees. Ja, sekerlik gaan daar oorfloed wees aan fisiese kos en water – maar daar gaan oorfloed wees aan water en brood van die lewe! Onthou, Jesus het gesê Hy is die water en die brood van die lewe, wat ewige lewe gee. Dit moet dus beteken dat diegene wat in die nuwe Jerusalem lewe, vir ewig daar gaan wees. Boonop bring die vrugte van die boom van die lewe genesing – met die gevolg dat gelowiges kan verwag om geen vorm van gebrek daar te belewe nie. Maar miskien die heel belangrikste is dit: Soos wat fisiese brood en water die fokus is van ons fisiese bestaan, so word Jesus, en dus God, die fokus van ons bestaan in die nuwe Jerusalem.

Dit bring ons by die lig. Duidelik is daar dramatiese ontwikkeling deur die loop van die Skrif. Gen 1:2 sê daar was net donker, na die skeppingsweek is daar lig en donker, dag en nag, met die son en maan om lig te gee. Maar dan begin God wys – dit gaan oor meer as net fisiese lig. Hy gee lig aan die oor wie Hy Hom ontferm – dink aan die negende plaag en die wolk/vuurkolom. Hy leer hulle in die tabernakel moet die lampe voortdurend brand. Die Psalms roep dit herhaalde male uit: God is die lig. En dan kom Jesus en Hy verklaar: Ek is die Lig vir die wêreld! En Paulus leer: God skep lig in die harte van die gelowiges. Hy doen dit deurdat Hy hulle iets laat sien, deurdat Hy die donker vir hulle opklaar. Wat laat Hy hulle sien? Sy heerlijkheid, veral soos wat dit in die werk van die Lam duidelik word! En as hulle dit snap, dan beloof Hy aan hulle 'n erfenis in die ryk van die lig – dit is in die nuwe Jerusalem. Daar hoef die son en maan nie meer lig te gee nie. Nee, hulle sien die heerlijkheid van God en die Lam – en dit oorskadu alles by verre!

Ek hoop dit is duidelik: Hierdie nuwe Jerusalem is veel heerliker as 'n fisiese stad van goud met goue strate en pêrelpoorte. Nee, hierdie stad is 'n gemeenskap van gelowiges wat geëet en gedrink het van die boom en die water van die lewe, en wie se harte verlig is sodat hulle waardering het vir wie God en die Lam is. God en die Lam is die fokus van alles in die stad: die muur om die stad, die tempel, die water, die bome en hulle vrugte, selfs die lig in die stad.

Die vraag is wat sal die effek hiervan wees op die mense wat deel is van die stad? As die Here wil, kyk ons volgende week daarna.